



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

**NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N6**

12 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Wanneer die dosent Kunsgeskiedenis merk, moet hy/sy in gedagte hou dat daar NIE een spesifieke handboek is wat as riglyn gebruik word NIE. Verskillende boeke kan gebruik word maar 'n vaste nasienriglyn kan nie gegee word soos in die geval van ander vakke nie.
 2. Die merker moet die vak ken en 'n oop gesindheid hê teenoor dit wat die leerder neergeskryf het.
 3. Leerders moet die regte vraag op die regte plek beantwoord.
 4. Studente moet AL die vrae in AFDELING A beantwoord en slegs DRIE vrae uit AFDELING B.
 5. In gevalle waar die vraestel NIE in kleur gedruk was NIE, moet punte toegeken word aan studente wat NIE na kleur kon verwys NIE maar probeer het om na tonale waarde in die plek daarvan te verwys. Gee studente krediet as kleur 'n invloed as formele aspek gehad het.
-

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 a) A: Voorskets. Potlood of houtskool op papier. Harde, vlugtige lyne om rigting en vorm te gee. Sterk hale vir baard gebruik. Ekspressiewe en selfversekerde hale.
B: Olieskildery op doek. Kolkende, sterk kwashale vir agtergrond. Kort, gerigte 'steekhale' op gesig en baadjie. Donkerblou omlyning van figuur. (2 + 2) (4)
- b) A: Baie helder tekening met baie lig en wit papier. Hoë kontras rondom oë met 'n bietjie tonale waarde op die linkerwang. Wit agtergrond met effense smeer wat dui op velddiepte.
B: Plat agtergrond voorgestel deur verskillende blou en wit skakerings. Goeie kontras op gesig en baadjie met die ligbron vanaf regs bo. (2 + 2) (4)
- c) A: Atmosferiese perspektief word geskep met meer wit op die regterkant van die gesig en neus in vergelyking met donkerder kleurtone en lyne op die linkerwang. Nie baie diepte in hierdie werk nie. Effens gesmeer in die agtergrond langs die linkerkant van die gesig om 'n effens donkerder agtergrond te skep.
B: Atmosferiese perspektief deur die gebruik van blou kleurtone. Groter kontras, warmer kleure en meer details op gesig en baadjie in vergelyking met plat, maar dekoratiewe agtergrond. Skep 'n illusie van diepte. (2 + 2) (4)

- 1.1.2 A: Hoëkontras en diagonale lyne is gebruik om oë en voorkop te definieer; dit dra daartoe by dat die figuur lyk asof hy konsentreer of kwaad is.
B: Die kontrasterende kleure op die gesig laat die figuur hartseer of ontsteld lyk. Blou en liggroen kleure kontrasteer en bots met gebrande siënna (oker) en oranje baard. Lyk soos 'n waansinnige. (2)
- 1.1.3 Maak voorsiening vir student se eie redenasie. (2)
- 1.2 1.2.1 Atmosferiese perspektief is geskep deur die oorvleueling van voorwerpe. Die kar vul die voorgrond, die landskap die middelgrond en die klein kerkie heelagter skep die illusie van diepte. Groter kontras en meer detail in die voorgrond (bv. die rooster van die kar) in vergelyking met sagter grys kleurtone van die landskap aan die agterkant. Lineêre perspektief word geskep deur die lyne op die kar se bakwerk en die kerkdak wat die kyker se oog verder in die prentjie inlei. Skep die illusie van diepte. (4)
- 1.2.2 a) Wit ligspatsels wat vanaf die kar weerkaats word herhaal op die modderskerm, rooster, buffer en vensterraam. Herhaling skep ritme. Donker gate en donker areas op en binne die kar herhaal.
Laat studente toe om hul eie opinie te gee, maar die meeste moet
b) die ronde lig in die voorgrond, langs die modderskerm naaste aan die kyker, met hoë kontras en detail, aandui of daarna verwys. Sommiges kan argumenteer dat die kerk die fokuspunt is omdat die lyne van die kar en die landskap jou oë daarheen lei. Gee studente krediet vir grondige argumente.
c) Die komposisie is baie goed gebalanseer met die groot kar in die voorgrond en die klein geboutjie in die agtergrond. Die grootste deel van die kar is nader aan die onderste regterkant, terwyl die klein geboutjie 'n teenwig gee in die boonste linkerhoek van die werk. Die ligte, boonste derde van die komposisie word gebalanseer deur die donker voorgrond. Die oop deur gee ook balans. (3 × 2) (6)
- 1.2.3 Laat studente hul eie opinie gee. Sommiges kan verskil omdat die werk konseptueelgewys nie sterk genoeg is nie. Ander kan argumenteer dat dit as 'n fynkunswerk gesien kan word en na die formele aspekte verwys of na die feit dat die kunstenaar in gerespekteerde galerye uitstal. Die kunstenaar se werk is goed gedokumenteer in kunsgeskiedenisboeke. Gee studente krediet vir grondige argumente. (2)

- 1.3 1.3.1 Die werk is naturalisties en figuratief omdat die skedel herkenbaar is, maar nie realisties of heeltemal abstrak nie. Ekspressiewe gebruik van medium en tegniek met suggestiewe aggressiewe lyne, hale en kontrasterende kleure. Herinner aan ekspresionisme. (3)
- 1.3.2 Die harde kwashale en lyne is ekspressief aangewend en dui op die kunstenaar se aggressiewe of kwaad gemoedstoestand. Die gebreekte skedel met rooi oë lyk mal en hartseer. Die kyker kan inkyk op sy chaotiese gedagtes. Hare steek soos spykers uit die kop wat bydra tot die pyn. Die helder en kontrasterende kleure dra by tot die ekspressiewe eienskappe van die werk. (4)
- 1.3.3 Die lyne lyk kinderlik en word herhaal as steke regoor die kop. Skep ritme in die kunswerk. Kontras tussen rooi, wit en swart om areas te definieer en vorm en struktuur te onderskei. Aggressiewe en ekspressiewe gebruik van lyne. (3)
- 1.3.4 Laat studente hul eie opinies gee met goeie argumente. (2)
- [40]**

VRAAG 2

- Invloed van lig, Manet/Degas, kamera, nuwe pigmente, Japannese kuns, kleurteorie, vaslegging van vlietende oomblikke
 - Hoofkenmerke van die beweging: invloed van lig en atmosfeer, om buitenshuis te skilder, vlietende kwashale, gebruik van impasto, alledaagse tonele
 - Kies uit Monet, Pissarro, Sisley en Renoir, bv. verwysing na Monet se *Impression, Sunrise of Rouen Cathedral*; Pierre-Auguste Renoir se *Dance at Le Moulin de la Galette*; Camille Pissarro se *Boulevard Montmartre* of enige ander kunstenaar of kunswerk.
- [20]**

VRAAG 3

Studente moet op hierdie stelling uitbrei deur die werke van Paul Gauguin en Vincent van Gogh te ontleed. Elke postimpressionis se unieke benadering en eienskappe moet genoem word. Gauguin se kunswerke kan insluit: *Vision after the sermon (Jacob wrestling the Angel)*, *Where do we come from? What are we? Where are we going?* of enige ander toepaslike kunswerk.

Van Gogh word erken vir die simboliese belang en ekspressiewe gebruik van kleur en verwringing (distorsie). Gauguin, op sy beurt, word erken vir eenvoudige en simboliese gebruik van vorm en kleur met 'n sterk religieuse en filosofiese invloed in sy werk. Enige van Van Gogh se werke kan bespreek word, bv. *Starry Night*, *Night Café*.

[20]

VRAAG 4

Verwys na die oorsprong van die term *Fauvisme*, bv. die styl was in wese ekspressionisties en is oor die algemeen gekenmerk deur landskappe waarin vorms verwing is. Die Fauves het vir die eerste keer 'n gesamentlike uitstalling in 1905 in Parys gehad. Hul naam het ontstaan toe 'n kritikus na 'n renaissance-agtige beeld gewys het in die middel van dieselfde galery waar die uitstalling gehou is en neerhalend uitgeroep het: 'Donatello au milieu des fauves!' ('Donatello tussen die wilde diere!'). Die naam het aanklank gevind en is vrolik deur die kunstenaars self aanvaar. TWEE van die volgende kunswerke, bv. Henry Matisse: *Madame Matisse* (1905), *Red room* (1908) of *Woman with the hat* (1905); André Derain: *Charing Cross Bridge* (1905–06), *London* (1905) of *Self-portrait in the studio* (1903); Maurice de Vlaminck: *Barges on the Seine* (1905-1906) of enige ander werk deur 'n toepaslike kunstenaar. Studente kan kortliks na die agtergrond van die kunstenaar en beweging verwys, maar die meeste punte moet gekry word uit 'n bespreking van die eienskappe van die beweging deur die kunswerke te ontleed.

[20]

VRAAG 5

Studente moet verteenwoordigende kunstenaars kies, bv. Kirchner, Nolde, Heckel en Schmidt-Rottluff van Die Brug ('The Bridge'), en Marc en Kandinsky van Die Blou Ruiters ('The Blue Riders'). Wanneer studente toepaslike kunswerke ontleed, moet hulle na elke fase se eienskappe verwys en die filosofiese verskille tussen die twee vertakings noem.

[20]

VRAAG 6

6.1 **Cezanne-fase of vroeë kubisme of proto-kubisme:** Skilderye uit hierdie periode wys die uitmekaarhaal, of ontleding, van vorm. Reghoekige- en reguitlynkonstruksies het voorkeur geniet, alhoewel sommige gedeeltes van die skildery soms skulptureel voorgekom het, soos in Picasso se *Girl with a mandolin* (1910).

Analitiese kubisme: Kleurskemas was eenvoudig en het geneig om byna monochroom te wees (taan, bruin, grys, room, groen of blou skakerings is verkies) sodat die kyker se aandag nie afgetrek word van die kunstenaar se hoofokus, naamlik die struktuur van die vorm self nie. Die monochroom kleurskema was geskik vir die voorstelling van komplekse, veelvuldige aansigte van die voorwerp wat nou gereduseer is tot oorvleuelende ondeursigtige en deursigtige vlakke. Dit kom voor asof hierdie vlakke uit die doekoppervlak verrys, eerder as om in diepte terug te sak. Vorms is oor die algemeen kompak en dig in die middel van die analitiese kubis se skildery, en word groter soos dit uitsprei na die kante van die doek, soos in Picasso se *Portrait of Ambroise Vollard*.

Sintetiese kubisme: Helderder kleure, eenvoudiger lyne en vorms. Collages word saam met verf gebruik. Voorheen het kubiste voorwerpe opgebreek in 'n netwerk ingewikkelde vlakke (plat vorms). Nou het die kunstenaars hul skilderye opgebou deur collage en eenvoudige vorms te gebruik. 'n Reeks teksture. Die kubistiese kunstenaar het 'n groter reeks geverfde en getekende hale gebruik. 'n Gladde oppervlakte kon langs 'n gecollagede koerant of papier met patrone voorkom of langs verskeie ruwe kwasspatsels. (3 × 2) (6)

6.2 Studente kan die volgende bespreek: *Les Demoiselles D'Avignon* (Cezanne-fase), Braque se *The Portuguese* (analitiese fase), Picasso se *Still life with chair-caning* (sintetiese kubisme) of enige ander toepaslike werk. (7 + 7) (14)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 140

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 7

Verwysing na die agtergrond en losbreek van tradisie. Futuristiese manifes of motivering vir nuwe aanslag. Ophemeling van oorlog en spoed – studente moet na spesifieke voorbeelde verwys en kan ook verwys na die gebruik van verskillende materiale en tegnieke. Studente moet verwys na voorbeelde van kunswerke en kan ook verwys na Duchamp se invloed op vele beelde en die betekenis van die masjien. Kies uit Boccioni, Marinetti, Balla en Severini.

[20]**OF****VRAAG 8**

Studente moet meer as een werk bespreek. Hulle word toegelaat om uit te wy oor die agtergrond van hierdie beweging en kan verwys na Rusland se lang geskiedenis van kulturele kontak met Wes-Europa. Voorbeelde van werk deur Malevich: *Suprematist composition: Airplane flying* (1915) of Popova: *Painterly architectonics* (1917) of enige ander kunstenaars se werk uit hierdie periode, bv. Gabo of Pevsner.

[20]**OF****VRAAG 9**

Geskiedenis van ontstaan, bv. ná die chaos van die Eerste Wêreldoorlog het Mondrian en Van Doesburg die De Stijl-beweging begin weens utopiese idees. Ook bekend as 'Die Styl'. Poog om struktuur, duidelikheid, sekerheid en orde terug te bring. Dit is 'n groep kunstenaars, digters, argitekte en industriële ontwerpers. Staar idees voor deur Nederlandse tydskrif. Eienskappe: horisontale en vertikale lyne, primêre kleur, swart en wit, goedbeplande komposisies. De Stijl is beïnvloed deur kubistiese skilderkuns, asook deur die mistiek en idees rondom 'ideale' geometriese vorms (soos die 'perfekte reguit lyn') uit die neoplatoniese filosofie van die wiskundige, M.J.J. Schoenmaekers. Die De Stijl-beweging is ook beïnvloed deur neopositivisme. Geneem uit die Hollandse 'de nieuwe beelding', beteken neoplastisisme basies nuwe kuns (skilder en beeldhou is plastiese kuns). Piet Mondrian se kunswerke, bv. *Composition with red, blue and yellow; Broadway boogie woogie; Victory boogie woogie; Composition in colour A* of enige ander van sy werke of Theo van Doesburg: *Composition VIII (The cow); Rhythm of a Russian dance* (1918).

[20]**OF****VRAAG 10**

Studente moet die verskillende sienings, konsepte en elemente bespreek wat Dada so antisosiaal en uniek gemaak het. Voorbeelde van kunstenaars kan insluit: Jean Arp, bv. *Collage arranged according to the laws of chance*, Marcelle Duchamp, bv. 'readymades' (*Fountain/LHOOQ*), 'assisted readymades', 'sex machines' (*The large glass*, 'mobiles').

[20]**OF**

OF

VRAAG 11

Naturalistiese surrealisme: Kunswerke van Salvador Dali, bv. *Persistence of memory; Accommodations of desire; Soft construction with boiled beans*; of enige ander werk. Magritte: *Treachery of images; Son of man; The human condition*; Max Ernst: *The elephant Celebes*.

Biomorfiese surrealisme: Miro: *The harlequin's carnival*, of enige ander toepaslike kunstenaar en werk.

Studente kan kortliks verwys (nie meer as 5 punte nie) na invloede op hierdie beweging, bv. Freud, psigoanalise, kuns van die waansinnige, outomatiese skryf, onderbewussyn. Verwysing kan gemaak word na verskillende tegnieke wat gebruik is, bv. outomatisme, toeval, *frottage*, outomatiese teken.

[20]

OF

VRAAG 12

Studente moet aksieskilder bespreek deur te verwys na die proses wat Willem De Kooning (*Woman 1/Woman on bicycle*), of Pollock gevolg het om hul kuns te skep. Voorbeelde van Pollock se kuns sluit in: *Number 1; Portrait and a dream; Lavender mist*, of enige ander werk of kunstenaar van die gebare-abstrakte skilderkuns ('gestural painting').

[20]

OF

VRAAG 13

Studente kan verwys na kunswerke deur Close, Estes, Pearlstein, Hanson of enige ander. Spesifieke verwysings moet gemaak word na die invloed en konsepte van fotografie.

[20]

OF

VRAAG 14

Studente kan verwys na Richard Hamilton: *What is it that makes today's homes so beautiful?* Peter Blake of David Hockney van Britse popkuns. Verteenwoordigende voorbeelde van Amerikaanse popkuns sluit kunstenaars soos Rauschenberg, Johns, Rosenquist, Oldenburg en Lichtenstein in. Laat studente toe om te besluit watter voorbeelde om te vergelyk; solank daar net een of ander vergelyking is.

[20]

OF

VRAAG 15

Studente kan kies uit aardkuns, uitvoerende kuns, nuwe media of rekenaargrafika. Sommige welbekende kunstenaars sluit in: Buys, Christo en Jeanne-Claude, Bruce Nauman, Gilbert en George, Kaprow, Kosuth. Werke van Buys: *How to explain pictures to a dead hare; The pack*. Sleutelwoorde moet insluit: denkvorme, gesproke vorme, staat van verandering, 'n beskrywing van die kunswerk, ens.

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 200